HILLCREST HIGH SCHOOL

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V 2

NOVEMBER EKSAMEN 2015

GRAAD 9

PUNTE : 130

TYD: 2 UUR

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Vul die voorblad op jou antwoordstel ordentlik in en moet dit onder GEEN omstandighede afskeur nie.

2. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings :

| | |
|---|---|
| AFDELING A: TAAL | (80) |
| AFDELING B: LETTERKUNDE | (50) |

3. Jy moet AL die vrae beantwoord.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Nommer jou antwoorde soos dit op die vraestel genommer is.

6. Skryf netjies en leesbaar.

7. Let op hoeveel punte elke vraag tel en beantwoord dan jou vrae daarvolgens.

***STERKTE!!!***

VRAAG 1 TAALWERK.

A.Sinstrukture.

1. Skryf die volgende sinne in die korrekte woordorde.

1.Die hele familie (gevier ,het,my verjaarsdag , Sondag.) 1

2.Ons sal (by my ouma,gaan kuier,gedurende die vakansie.) 1

3.Ek onthou ( my ma se telefoonnommer,altyd.) 1

(3)

2.Skryf die volgende sinne in die Verlede Tyd.

1.Ons wil by hulle gaan kuier. 2

2.Klein Abie is gelukkig om so 'n lieflike ouma te hê. 2

3.Ouma Brenda het twee honde. 2

4.Ons speel almal saam in die parkie. 2

5.Die kinders ontvang baie Kersgeskenke. 2

(10)

3.Skryf die volgende sinne in die Toekomende Tyd.

1.Die kinders is bang vir die kwaai oog. 2

2.Die juffrou skryf die probleem op die bord. 2

3.Die leerlinge het baie werk by die skool. 2

4.Sandra sit en eet haar toebroodjies. 2

(8)

4. Skryf die volgende sinne in die INDIREKTE REDE.

1.Maria sê:"Ek het 'n toeristegids in die boekwinkel gekoop." 2

2.Die sersant vra:"Is dit jou rewolwer?" 2

3.Dion sê:"Ek werk baie hard." 2

4.Sy vra:"Is die werk moeilik?" 2

5.Hy sê:"Piet het die voëls geskiet." 2

(10)

(10)5.Skryf die volgende sinne in die ONTKENNENDE VORM.

1.Die man het altyd gewerk. 2

2.Hy het iets in die huis gesteel. 2

3.Die kind is nog in die hospitaal. 2

4.Óf die meisie óf die seun sal die vrugte koop. 2

5.Sy eet 'n sappige appel. 2

(10)

6.Verbinddie volgende sinne met die VOEGWOORD in hakies.

1.Die kind eet baie.Hy is honger.(want) 1

2.Die meisie voel siek.Sy gaan vroeg huis toe.(daarom) 1

3.Die juffrou is kwaad.Die kinders was baie stout.(omdat) 1

(3)

7.Skryf die volgende sinne in die LYDENDE VORM.

1.Die meisie speel 'n groot hokkiewedstryd. 2

2.Die kinders het 'n belangrike toets geskryf. 2

3.Die vrou sal 'n mooi rok dra. 2

(6)

TOTAAL 50

B Woordstrukture 5

1.Gee die korrekte vorm van die Trappe van Vergelyking.

1.James is die (vinnig) atleet in ons skool. 1

2.Michaela se werk is die (goed) in die klas. **1**

3.Die broer is (jonk) as die suster. 1

4.Dit is (donker)in die winter as in die somer. **1**

(4)

2.Gee die Meervoude van die woord tussen hakies.

1.Moeder hou van die (blom). **1**

2.Die (man) het die dolfyne uit die water gehelp. 1

3.Al die (vrou) het die kos gemaak. **1**

4.Die seun se twee (oor) is bloedrooi. 1

5.Daar is baie (kind) in ons skool. 1

(5)

3. Voltooi die volgende Vergelykings.

1.So lui soos 'n_________________ 1

2.So regop soos 'n_________________ 1

3.So skraal soos 'n_________________ 1

4.So bleek soos 'n _________________ 1

(4)

4. Skryf die volgende Afkortings voluit.

1.m.a.w. 1
2.st. 1
3.i.p.v. 1

(3)

5.Gee die VERKLEINWOORDE van die woorde tussen hakies.

1.My oupa het 'n klein (plaas). 1

2.Die klein (boom) lyk baie mooi. 1

3.Daar is 'n klein (gat) in die heining. 1

4.My broer het 'n klein (motor) in sy kas. 1

5.Die klein(roos) het baie dorings. 1

(5)

6.Gee die INTENSIEWE VORM van die woord tussen hakies.

1.Natalie du Toit is 'n ( baie beroemd) swemmer. 1

2.Die omgewing was ( baie swart) toe hulle ingebreek het. 1

3.Ons damme is nou (baie leeg). 1

4.Gedurende die winter is die jasse (baie duur). 1

5.Die kinders was(baie bang) om alleen te wees. 1

(5)

7.Vul die korrekte VOORNAAMWOORDE in die oop spasies in.

1.Pa hou baie van _________nuwe motor. 1

2.My sussie sê daardie boek is _________. (hers) 1

(2)

8.Vul die korrekte VOORSETSELS in die oop spasies in.

1.Saterdae loop ek_____voet winkel toe. 1

2.My ma was gister baie kwaad______my. 1

(2)

(30)

Afdeling B: LETTERKUNDE

VRAAG 1: GEDIGTE

Beantwoord AL die vrae.

**Lees die volgende gedig en beantwoord die vrae.**

a)

Die verhaal van David de Waal

Die verhaal van David de Waal
Kom luister na die verhaal
van David [illegible] de Waal.
Hy't planne beraam,
sonder [illegible] hom te skaam
om geld soos bossies te maak.
Hy't alles verkoop wat hy kon:
van [illegible], tot lekkers aan stokkies,
[illegible], DVD's, selfs sjokoladeblokkies.
Ook skyfies en selfone, [illegible], toffies,
[illegible], sherbet, [illegible], lipstiffie en wat nog al.
Van al die [illegible] was sy skooltasse só vol,
dat hy [illegible] van die skoolhoof moes [illegible]
[illegible] hy [illegible], sy beste vriende,
om pouses al dié goed te verkoop.
Maar [illegible] hom en deel sy skyfies uit
en so is hy al sy profyt kwyt.
Praat hy, [illegible] alles is leeg.
David besluit om professioneel te wees,
daarom [illegible] en hulle nou [illegible]
sal hulle dan nooit weer kan lieg en bedrieg?
Hy't [illegible] agent wat vir hom werk,
hy koop en verkoop, die [illegible] word rande.
David de Waal word baie vermaard,
want hy's nou 'n sakeman van [illegible]
(Deur die skrywer)



VRAE:

1.Watter beeldspraak word in versreël 5 gebruik? 1

2.Wie het hom gehelp om sy ware te verkoop? 1

3.Watter woord word herhaal om te wys daar was baie mense wat vir hom gewerk het? 1

4.Noem twee van die goed wat David verkoop het? 2

5.Haal een versreël uit die gedig aan wat vir ons sê David is nou baie beroemd? 1

(6)

b) *Die kameelperd*

Tienie Holloway

Almal sien ek oor die kop (het kameelperd swaar gesug)
en almal stap ek ook verby, met neus hoog in die lug.
Tog is ek nie **hoogmoedig** nie, maar **nederig** en skaam;
ek laat my bure ook met rus, soos dit 'n mens betaam.

My kos soek ek nooit nie daar onder op die grond,
want hier **wei** ek, met lange nek, op die hoogste takke rond.
Die jongste blaartjies kan ek pluk, maar jy sal jou **verstom**
as jy sien hoedat ek **sukkel** om 'n drankie by te kom!

My kop steek bo die bosse uit – 'n ware periskoop.
Ek sien waar al die diere wei, en waar ou jakkals loop.
Ek sien waar skuil die krokodil, ek weet ook goed waarom –
maar niemand kan ek **waarsku** nie, helaas, want ek is **stom**.



VRAE:

1.Noem een ding wat die kameelperd bo die bosse kan sien? 1

2.Haal twee aparte woorde aan wat die kameelperd se persoonlikheid beskryf. 2

3.Haal een versreël aan wat vir ons sê waar kameelperd wei. 1

4."My kop steek bo die bosse uit-'n ware periskoop"

Hierdie aanhaling is 'n voorbeeld van:

A. 'n vergelyking

B.'n metafoor

C.personifikasie

D.alliterasie 1

Kies die korrekte antwoord en skryf dit neer.

5. Haal vier opeenvolgende woorde aan wat vir ons sê hoekom kameelperd niemand kan waarsku nie. 1

(6)

C. **Ek Wens.**

1
Ek wens dat al die banke in die klas
Van Bar One's en van koekies was
die werk wat juffrou vir ons gee
En al die visse in die see
Ja, alles wat daar is
Van lekkers en van jellie is!

2
As al die tasse in ons klas
Van roomys en van snoepgoed was
Dan was ek heeldag aan die "werk"
Maar was my tande glad nie sterk
My ma sou baie daaroor kla
Ek praat nie eers van Pa!

3. Ag, was skool tog maar 'n fees
Sal ek vir ewig 'n graad eggie wees
En eendag . . .
Al is ek oud en krom
Is ek nog altyd net so dom . . .

4
Ek kyk na Juffrou voor die bord
En wonder wat van my sal word . . .
En ag, ek wil dit nie eers dink
Want as ek net heeldag eet en eet
Wat sal ek in eksamens weet?

5
'n Potjierol sal ek wel wees
Maar dis wat ek die meeste vrees...
Ag nee! Soos Doortjie wil ek glad nie lyk
So, laat ek die drome liewer los
En glad nie dink aan lekker kos.

1.Wat is die meisie se gunstelinge sjokolade? 1

2.Waarvan wens die kind was die visse gemaak? Noem 1 . 1

3.Waarvoor wens die kind in strofe 3? Haal een versreël aan as antwoord. 1

4.Waarom besluit die kind om die drome van lekkers te los? Haal sewe opeenvolgende woorde uit strofe 5 aan as antwoord. 1

5.Kies die regte antwoord: Snoepgoed is...

a)gesonde kos.

b)iets wat duur is.

c) lekkergoed en skyfies. 1

6.Behalwe vet word,noem twee ander negatiewe dinge wat kan gebeur as jy net snoepgoed heeldag lank eet. 2

(7)

d.

**As Lara glimlag**

As Lara glimlag
word my skooltas onverwags lig,
wiskunde eensklaps maklik
en verstaan ek daai Shakespeare-gedig.
As Lara glimlag
verdwyn die grys ou skoolgebou.
Haar glimlag kan jou selfs
van Maandae laat hou.
As Lara glimlag
kry my rugbytoks vlerke,
kan selfs verloor okei voel.
Ek wens net Lara se glimlag
was spesiaal vir mý bedoel.

*Jaco Jacobs*

(Uit: *Toolopers: Verse vir tieners*,
LAPA Uitgewers, 2011)



1.Watter vak vind die spreker moeilik? 1

2.Gee 'n voorbeeld van 'n metafoor uit die gedig. 1

3.Watter sport doen die kind? Gee die naam van die sport. 1

4.Van watter weeksdag hou die spreker nie? 1

5.Wat is die spreker se groot wens? 1

6.Wat beteken dit as sy"rugbytoks vlerke"kry? 1

[6]

TOTAAL: 25

VRAAG 2 KORTVERHALE.

a. Die Brief

> "Ouma sal nie verstaan nie. Wat weet sy nou van huiswerk en toetse en Eksamen? Sy het in 'n ander wêreld grootgeword, so lank gelede dat sy nie eens meer mooi onthou wanneer sy gebore is nie".

1. Hoekom voel Ilse baie skuldig? 1
2. Gee een van Ilse se slegte karaktertrekke? 1

> "En skielik onthou sy so baie van Ouma dat dit sommer maklik word om te skryf"

3. Wat bedoel Ouma met die woorde "groen vingers" 1
4. Noem 1 van die dinge wat haar ouma daagliks besig hou? 1
5. Wat is die les wat ons uit hierdie verhaal leer? 1

(5)

b. Die Vlieënde Hollander.

> "Die see was sy lewe en hy was een van die beroemdste seekapteins van sy eeu. Hy het sy naam gemaak as die kaptein wat die vinnigste om die Kaap geseil het"

1. Wat was die naam van die kaptein wat die vinnigste rondom die Kaap geseil het? 1
2. Waarheen was hy daardie paasnaweek op pad? 1

> "Dit was 'n seilskip in volle vaart. Die seile was in repe geskeur en kwaai branders het om en oor die skip gebreek"

3. Seevaarders is doodseker dat die Vlieënde Hollander nog om die Kaap seil. Gee een bewys daarvoor. 1
4. Die matroos wou daardie dag nie seil nie. Wat was sy twee redes daarvoor? 2

(5)

c. Die Vis.

"Hy wil nie meer vir sy dobbertjie kyk nie.Omdat hy skaam kry vir sy handlyn en die stokkie wat op die vaal rivierwater dryf. Ook maar goed die vreemde man hier langs hom kan nie onder die water sien hoe oud sy hoek is nie"

1. Gee 1 rede waarom Motse so vies was toe die man langs hom kom visvang het? 1

2.Waarom dink Motse die man is ryk? 1

"Skielik sien hy die dobbertjie bewe. Iets moet aan die aas byt. Die dun vislyn sny in sy hand in,maar Motse wil nie kap nie.Die vis moet maar al die pap van die hoek afvreet."

3. Waarom wou Motse nie kap toe hy die vis voel byt nie? 1

4. Hoekom het Motse gaan visvang? 1

5. Beskryf die vis wat Motse gevang het. 1

(5)

d. Die Spykerskoene

| |
|---|
| "Ai dis mooi skoene daai," het Piet spontaan gesê. Ek het dit gister gekry," het Sarel gespog."Dit kos honderd en tagtig rand.My pa sê goeie spykerskoene is belangrik." |

1. Wat noem Peet vir Sarel? Gee een woord. 1

| |
|---|
| "Peet tel die tas op en neem dit saam huis toe.Hy sorg dat niemand anders dit sien nie.Hy is nie lus dat almal hom uitvra nie.In die bulte kamer maak hy die tas oop." |

2. Wat was daar in die bont plastieksakkie? 1
3. Hoekom was Peet daardie aand baie stil? 1
4. Gee 2 redes hoekom Peet se ma nie die spykerskoene kon bekostig nie? 2
5. Waarom stap Peet met 'n seer hart polisiestasie toe? 1

(6)

e. Filmstudie. Suurlemoen.

1.Watter "sport" geniet Tiaan en Zane? 1
2.Waaraan gaan hulle deelneem om die geld te kry? 1
3.**Hoekom besluit** hulle op die naam SUURLEMOEN? 1
4.Wat is die naam van die musiekonderwyser? 1

(4) (25)

Totaal vir afdeling B: 50

Somtotaal: 130